

Pretoriana



**TYDSKRIF VAN DIE PRETORIASE HISTORIESE VERENIGING:
GENOOTSKAP OUD-PRETORIA**

**JOURNAL OF THE PRETORIA HISTORICAL ASSOCIATION:
OLD PRETORIA SOCIETY**

PRYS R 8,00 PRICE

PRETORIANA Nr/No 104 - Maart/March 1994, Tydskrif van/Journal of die Pretoriase Historiese Vereniging: Genootskap Oud-Pretoria the Pretoria Historical Association: Old Pretoria Society

Bestuurslede/Committee members:

Dr.N.A.Coetzee, voorsitter/chairman, telefoon (012) 46 3142

Mnr./Mr.W.J.Punt, ondervoorsitter/vice-chairman, waaksaamheid

Mev./Mrs.D.E.Nel, sekretaresse/secretary, telefoon 343-2790 huis

Mnr/Mr.L.E.Cloete, verteenwoordiger van die Stadsraad Pretoria

Mnr/Mr.T.E.Andrews, redakteur van die "Nuusbrief"/"Newsletter" en bewaring van begraaftplase

Mev./Mrs.M.Andrews, organisasie van toere/organization of tours

Mev./Mrs.M.Beess, posbestellings/deliveries to the postoffice

Mnr./Mr.A.Jansen, lid Komitee vir kultuurontwikkeling van die Stadsraad van Pretoria

Dr.C.de Jong, redakteur van/editor of "Pretoriana",tel.(012)348-3111

Mnr./Mr.W.du Plessis, skooltuine/schoolgardens

Mnr./Mr.D.Panagos, forte/forts

Mnr./Mr.L.P.Prinsloo, penningmeester/treasurer

Mej./Miss E.Viljoen. organisasie van byeenkomste / functions

Mev./Mrs.M.L.Willmer, argief/archive, telefoon (012) 70 3052

Die posbusnommer van die sekretariaat is 4063, Pretoria 0001.
The post office box of the secretariat is 4063, Pretoria 0001.

VERSOEK AAN DIE LEDE EN LESERS

Die uitgawes van "Pretoriana", sowel oues as resentes, het toenemende waarde vir historici en belangstellendes van ander rigtings. Daarom sal die bestuur graag uitgawes van "Pretoriana" van U ontvang en U dankbaar wees. Sommige van ons lede moet na 'n kleinere woning verhuis en moet dan van baie boeke en tydskrifuitgawes ontslae raak. Eulle kan dan gerieflik hul oortollige "Pretoriana's" aan die bestuur oordra en wag daarvoor ons bestuurslid Mnr.Anton Jansen skakel, by sy huis op (012)998-9406 of in sy kantoor op (012) 804-1023. Hy sal dan reël dat hy of iemand namens hom die aangebode "Pretoriana's" by U sal afhaal.

Die redakteur

Die inhoudsopgawe van die onderhawige nommer staan op die agterkant van die omslag.
The table of contents of this issue is on the reverse side cover.



Die Bestuur in 1987 - Van links na regs: voorste ry, sittende: Dr. C. de Jong, Mnr. W.J. Punt, Dr. N.A. Coetzee (voorsitter), Mev. M.L. Willmer, Mnr. T.E. Andrews; agterste ry, staande: Mnr. S. de K. Venter (lid Stadsraad), Mnr. R. Tomlinson, Mev. S.W. Jacobs, Mev. I. Vermaak, Mev. M. Andrews, Dr. H.J. Petrick, Mnr. D. Eksteen.

Foto: Mnr. Dotman Pretorius, Augustus 1987

J. PLOEGER, "VEERTIG JAAR GENOOTSAP OUD-PRETORIA (6) - DIE TYDPERK 1984-1985"¹⁾

42. Notule van die bestuursvergadering van 7.5.1984, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Uit die ingekome korrespondensie blyk o.m. dat Raadslede S. Venter en P. Kruger die Stadsraad in die GOP verteenwoordig. Op voorstel van mnr. A. Jansen is eenparig besluit om die Genootskap se eresertifikaat aan mnre. T.E. Andrews en Willem J. Punt toe te ken. Ses nuwe lede is voorgestel en aanvaar.

Mev. M. Andrews rapporteer dat die toer na Kimberley 'n wins van R500,00 opgelewer het. Die volgende toer sal na begraafplase in Johannesburg onderneem word (26.5.1984). Op 18.8.1984 sal onder leiding van die Johannesburgse Historiese Vereniging 'n toer na die Goudstad onderneem word.

Prof. Dr. F.J. du Toit Spies se bedanking as redakteur van "Pretoriana" weens gesondheidsredes is met spyt aanvaar en sy opvolger prof. Dr. C. de Jong is as nuwe redakteur verwelkom. Hy sal ondersoek of die blad goedkoper uitgegee kan word en "Pretoriana" nr. 86 sal omstreeks Oktober 1984 onder sy leiding verskyn.

Dr. Petrick vermeld dat die Booyens-begraafplaas skoongemaak en die gedenksteen gereed is. Alles sal ten spoedigste deur A. Jansen opgerig word.

1) Die voorgaande aflevering is gepubliseer in "Pretoriana" no.100, April 1992.

Die Stadsraad deel mee dat spreiligte op die Ou Begraafplaas (Kerkstraat) aangebring word om vandalisme teen te gaan. Mnr. Willem J. Punt deel mee dat Krygkor die terrein by die Erasmus-landhuis van die Transvaalse Provinsiale Administrasie oorneem en die landhuis wil bewaar en benut. Die voorsitter sal 'n onderhoud met mnr. Bell reël om die GOP se siening te verduidelik. Dieselfde bestuurslid rapporteer i.v.m. historiese wandelpaai dat beplan word om met die Kamer van Koophandel as saamroeper 'n verteenwoordigende vergadering te belê om gestalte aan die plan te gee. Verder vermeld hy dat die Pretoriase Argitektuurvereniging 'n lys van historiese geboue sal opstel. Hy en mnr. Melt van Niekerk sal die GOP by dié vereniging verteenwoordig.

43. Notule van die bestuursvergadering van 4.6.1984 gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Diverse inkomende korrespondensie, o.m. van die Stadsraad, is ter tafel gelê. Onder die uitgaande korrespondensie is 'n brief waarin 'n museum in die Erasmus-landhuis aan Krygkor voorgestel word. Die Stadsraad en die Departement Nasionale Opvoeding is in 'n ander skrywe om 'n moontlike subsidieverhoging gevra.

Die toer na Johannesburg het goed verloop en mev. Andrews het die volgende toer na Krugersdorp (23.6.1984) aangekondig. Dr. Coetsee sal as verteenwoordiger by die Simon van der Stel Stigting o.m. oorvleueling van take bespreek. Prof. Dr. C. de Jong deel mee dat "Pretoriana" voorlopig by die Victoria-drukkery gedruk word. Hy het gebrek aan artikels en stel voor dat wyle mnr. J.J. Kirkness in 'n bydrae gedenk word.

Mev. M. Andrews tree tydelik as tesourier op. AVBOB kan die steen op of na 9.6.1984 op die Booyens-grafte oprig en mnr. Anton Jansen het die heining voltooi. Mnr. Willem J. Punt vermeld dat hy verneem het dat die voormalige tremloods gesloop word. Hy stel voor dat Raadslid S. de K. Venter versoek word om 'n onderhoud met die GOP te reël.

44. Notule van die bestuursvergadering van 2.7.1984, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Die voorsitter, Dr. N.A. Coetsee, sal 'n artikel oor wyle mnr. J.J. Kirkness vir die "Suid-Afrikaanse Biografiese Woordboek" en "Pretoriana" skryf. Hy sal ook 'n onderhoud met Krygkor aanvra. Vier nuwe lede word voorgestel en aanvaar. Veertig lede het aan die toer na Krugersdorp deelgeneem, aldus mev. M. Andrews. Mnr. Andrews sal lede op 'n staptoer deur die Ou Begraafplaas, Kerkstraat-Wes, begelei. Mev. Andrews het vermeld dat daar R2 300,00 in die lopende rekening is. Die voorsitter bedank prof. Dr. H. Petrick vir al sy werk i.v.m. die Booyens-grafte. Eeretoekennings sal aan die vroeëre Posmeester-generaal Rive en Administrateur Cruywagen uitgereik word.

45. Notule van die bestuursvergadering van 6.8.1984 gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie was 'n brief i.v.m. die J.J. Kirkness-gedenkplate met die versoek aan Dr. C. Bakkes van die RGN om die bewoording na te gaan. Twee nuwe lede is voorge-

stel en aanvaar. Aan die staptoer deur die Ou Begraafplaas het 14 persone deelgeneem. Mnr. T.E. Andrews het voorgestel om 'n klein komitee i.v.m. die NZASM-herdenking (1987) saam te stel. In verband met "Pretoriana" het redakteur prof. Dr. C. de Jong verklaar dat kopie geleidelik ontvang word. Fondse is vir die volgende uitgawe beskikbaar. Mev. Andrews vermeld dat daar R2 366,00 in die spaar- en R1 400,00 in die lopende rekening aanwesig is. Rommel is in die Booyens-begraafplaas opgeruim. Mnr. Bothma het die grafstene en die gedenksteen i.v.m. oprigting op die terrein afgelaai. Mnr. Willem J. Punt vestig die aandag daarop dat die Sammy Marks-landhuis op Zwartkopjes kragtens die boedel aan NASKO toegewys is.

46. Notule van die bestuursvergadering van 3.9.1984 gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews, Douglasstraat 41, Colbyn

Mnr. Willem J. Punt tree as voorsitter op. 'n Hulptoekenning is volgens die inkomende korrespondensie van die Stadsraad ontvang. Die Departement Nasionale Opvoeding is om steun vir die boekjaar 1985/1986 gevra (20.8.1984). Vyf nuwe lede is voorgestel en aanvaar.

Volgens mev. Andrews was die toer na Johannesburg, waar o.m. 'n myn besoek is, 'n sukses. Die bustoer na Suikerbosrand vind op 29.9.1984 plaas. Tewens verklaar mev. Andrews dat daar R5 366,00 in die spaar- en R641,00 in die lopende rekening is. Vir grafteversorging is R480,00 betaal.

Die Booyens-gedenksteen is opgerig. Verdere skoonmaak van die terrein is beplan en prof. Dr. Petrick word lof toegeswaai vir sy werk. Mnr. Melt van Niekerk vestig die aandag daarop dat die Fort Wonderboom onder die natuurgebied van die Magaliesberg sal val. Mnr. Willem J. Punt deel o.m. mee dat met die herstel van die Kynoch-gebou begin word.

47. Notule van die bestuursvergadering van 1.10.1984 gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Daar is o.m. inkomende korrespondensie i.v.m. die Booyens-grafte. Vyf nuwe lede word voorgestel en aanvaar. Die volgende toer vind, aldus mev. M. Andrews, na die Sammy Marks-landhuis plaas. Die Novembertoer is na die opelugmuseum, Broederstroom.

Prof. Dr. C. de Jong stel voor dat die prys van "Pretoriana" na R3,00 verhoog word. Die bestuur keur dit goed. "Pretoriana" se inhoud vorder na wense. Die GOP se spaarrekening staan op R5 366,00, die lopende rekening op R911,00.

Dit word besluit om gedenkplate op die grafte van wyle Dr. W.H.J. Punt-, DVD, en Dr. Hermann M. Rex (Rustenburg) op te rig. Daarna word die program i.v.m. die onthulling van die Booyens-grafte bespreek. Die voorsitter, Dr. N.A. Coetzee, deel mee dat hy Staatspresident S.J.P. Kruger se Bybel in Pretoria opgespoor het. Mnr. Willem J. Punt rapporteer dat die Burgerlike Trust aan die Lewis en Marksgebou werk en stel voor dat die Kynoch-gebou as 'n teatermuseum of vir tuisnywerheid ingerig word. Hy deel ook mee dat die ou Koningin Wilhelminaboom (Burgerspark) kwyn en besig is om te sterf. Mnr. T.E. Andrews is gevra om toe te sien dat 'n nuwe boom geplant word.

48. Notule van die bestuursvergadering van 5.11.1984, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Die ingekome en uitgaande korrespondensie is afgehandel en daarna is vier nuwe lede voorgestel en aanvaar. Twee busse vol belangstellendes het "Zwartkopjes Hall" besoek. Die "Nuusbrief" was gepos, aldus mnr. T.E. Andrews en prof. Dr. C. de Jong het die drukproewe van "Pretoriana" nagegaan. Die volgende uitgawe sal uit 600 eksemplare van 68 bladsye beslaan en die drukkoste sal R1 782,00 bedra. Mev. Andrews het aangekondig dat daar 'n bedrag van R5 366,00 in die spaar- en R612,00 in die lopende rekening was. Prof. Dr. H. Petrick het gekla dat die perseel van die Booyens-grafte oorgroei is met onkruid. Hy het belowe om briewe uit te stuur met uitnodigings aan belangstellendes om die onthulling van die gedenksteen en die kopstukke by te woon. Die voorsitter sal die Stadsraad i.v.m. die kranslegging nader. Die GOP sal ook 'n krans verskaf.

Mnr. Willem J. Punt het meegedeel dat die Stigting Simon van der Stel die Transvaalse Provinsiale Administrasie laat weet het dat die Capitol-teater gesloop kan word. Ander wil die gebou behou en die Wurlitzer-orel terugbring. Besluit is dat mnr. Repton die mededingende skooltuine sal beoordeel.

Daar word deur mnr. Willem J. Punt voorgestel dat die GOP keramiekplate gebruik om plekke aan te dui. Die voorsitter het verklaar dat mettertyd 'n nuwe plaat by "Kaya Rosa" (UP) aangebring sal word. Mnr. Punt deel ten slotte mee dat die oordrag van die gerestoureerde Leeubrug (Arcadiabrug) op 3.12.1984 sal plaasvind.

49. Notule van die bestuursvergadering van 4.2.1985, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome briewe was 'n voorstel om prof. Dr. F.J. du Toit Spies as erelid te benoem (16.1.1985), briewe van die Stadsraad i.v.m. hulptoekening, die voormalige tremloods en Fort Wonderboom. Onder die uitgaande korrespondensie was 'n skrywe van die bestuur oor vandalisme in die Ou Begraafplaas (Kerkstraat), die skoonmaak van die Booyens-grafte (8.2.1985), die ontvangs van argiefmateriaal (12.2.1985) en 'n mededeling oor die wenners van die skooltuine-wedstryd (11.2.1985). Daar is 37 nuwe lede voorgestel en aanvaar. Mev. M. Andrews het die braai (van November 1984) as gesellig beskryf en 'n toer na die waterorrel, na die suide (26.2.1985) en die Paasnaweek aangekondig. Die kaartjiesverkoop vorder goed.

Die voorsitter maak gewag van die ontvangs van 'n puik uitgawe van die "Nuusbrief" en prof. Dr. C. de Jong kondig aan dat daar genoeg stof vir "Pretoriana" nr. 87 is. Prof. Dr. H. Petrick het in verbinding getree met die dorpsraad van Belfast oor mev. O'Neill se graf in die Ou Begraafplaas. Die dorpsraad beskou die onderhoud nie as hulle verantwoordelikheid nie. Daar is besluit om 'n kwotasie by AVBOB aan te vra.

Dr. N.A. Coetzee en mnr. Willem J. Punt het 'n onderhoud met die Administrateur oor die Erasmus-landhuis gevoer. Krygkor sal met die GOP in aanraking kom i.v.m. die restaurasie en bewaring van die huise en opstalle.

Die skooltuine is beoordeel. Mnr. Willem J. Punt het die vergadering van die Erfeniskomitee (op 17.1.1985) bygewoon. Van oor die hele land het belangstellendes gekom om die opstel van landswye bewaringslyste te bespreek. Daar was 'n goeie samewerking met die Stadsraad en die fotografiese afdeling van NASKO.

Dr. N.A. Coetzee het belowe om die seremonie i.v.m. die ont-hulling van die Kirkness-naamplate te reël. Daar is besluit om, op voorstel van mev. M. Andrews, vier funksies, o.m. die Alge-mene Jaarvergadering en Stigtersdag, te hou. Dié funksies is al-gemeen aanvaar. Mnr. Mervyn Emms het mej. Mary Gun as erelid voorgestel. Sy is reeds lewenslid. Dit kan gelyktydig met die aanbieding van die erelidmaatskap aan prof. Dr. F.J. du Toit Spies plaasvind.

50. Notule van die bestuursvergadering van 4.3.1985, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Verklaar is dat die SA Polisie teen vandale in die Ou Be-graafplaas (Kerkstraat) opgetree het, maar dat vandalisme weer plaasvind. Die voorsitter sal die aangeleentheid met die Direk-teur van Parke bespreek. Vyf nuwe lede is voorgestel en aan-vaar. Die "Nuusbrief" het gereed gekom en "Pretoriana" was by die drukker. Prof. Dr. C. de Jong het verklaar dat hy voldoende stof vir "Pretoriana" nr. 88 besit. Aan kas was R3 432,00. Dr. N.A. Coetzee wou die instandhouding van 'n groot aantal ou graf-te met die RGN bespreek. Mnr. Lemmer het gerapporteer dat leer-linge van die Hoërskool Wonderboom die terrein by Fort Wonderboom gaan skoonmaak. Mnr. Willem J. Punt het aangekondig dat die in-ligting i.v.m. die historiese Kerkstraat-wandelpad gereed is om gedruk te word.

51. Notule van die bestuursvergadering van 6.5.1985, ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Mev. H. Smit sal as tesourier optree. Die voorsitter (Dr. N.A. Coetzee) maak melding van 'n skenking van R1 000,00 van mnr. J.N. Kirkness vir die September-uitgawe van "Pretoriana", waarin die artikel van wyle mnr. J.J. Kirkness sal verskyn. Hy bied ook aan om die koste van die naamplaat/gedenkplaatfunksie by die Hoof-poskantoor te betaal. Vier nuwe lede, onder wie mev. H. Smit, is voorgestel en aanvaar. Die toer na Warmbad en die uitnodiging aan die GOP om 'n funksie by Diamond Hill (Donkerhoek) by te woon op 8.6.1985 is deur mev. M. Andrews genoem. Sy het voorgestel dat "Swartkopjes Hall" na die funksie besoek word.

Prof. Dr. C. de Jong het daarna aangekondig dat "Pretoriana" nr. 87 ongeveer R2 000,00 sal kos. Dr. Coetzee het te kenne ge-gee dat hy die Stadsraad om 'n vergrote geldelike bydrae sal vra. 'n Volgende uitgawe van "Pretoriana" word vir Oktober/November 1985 beplan. Die eerste prys in die skooltuine-wedstryd is deur die voorsitter, Dr. N.A. Coetzee, aan die Laerskool Rachel de Beer oorhandig. Aangaande die Erfeniskomitee het mnr. Willem J. Punt meegedeel dat boeke i.v.m. optekening van besonderhede aan-gaande geboue en foto's gereed is. Mnr. Melt van Niekerk het reeds foto's geneem. Mnr. Punt het die bestuur ook ingelig dat 'n komitee gestig is om 'n gedenkteken op te rig m.b.t. bydraes wat Nederlanders en oud-Nederlanders tussen 1850 en 1950 ten op-

sigte van Pretoria gelewer het. Die voorsitter is mnr. Boet Kloppers en ontvang bydraes. Die eerste skenking het van mev. M.L. Willmer (gebore Velthuysen) gekom.

52. Notule van die 37ste Algemene Jaarvergadering van 24.4.1985, gehou in die Nasionale Kultuurhistoriese Museum, Boomstraat

Tydens die afgelope boekjaar was die bestuur soos volg saamgestel: Dr. N.A. Coetzee (voorsitter), mnr. Willem J. Punt (visevoorsitter), mev. M. Andrews (tesourier), prof. Dr. C. de Jong ("Pretoriana"), mev. M.L. Willmer (sekretaresse), mev. I. Vermaak (hulpsekretaresse), mev. A. Dreyer (argivaris), mnr. T.E. Andrews ("Nuusbrief"), prof. Dr. H.C. Petrick (historiese grafte), mnre. N. Lemmer (forte) en M. Emms (funksies) en mnr. Melt van Niekerk (kultuursake).

Die Stigtersdag van Pretoria is in 1984 na die onthulling van stene op die Booyens-grafte deur die Burgemeester en sy gade geopen. Die voorsitter (Dr. N.A. Coetzee) het dank aan prof. Dr. H.C. Petrick en ander helpers betuig. Hy het ook die hoë peil van "Pretoriana" geroem. Brons gedenkplate wat deur mnr. John Niven Kirkness gefinansier is, sal - ooreenkomstig besluite - aan bouwerke en op terreine aangebring word.

Die onderhoud oor die benutting van die terrein van die Erasmus-landhuis het op 30.11.1984 plaasgevind. Die Doors Erasmus-grafte is opgegrawe en die stoflike oorblyfsels is by die gerestoureerde woning van die genoemde Erasmus herbegrawe.

Die vandalisme in die Ou Begraafplaas is deur die voorsitter in die loop van die reeds voorafgegane en verdere dele van sy jaaroorisig, ten sterkste betreur.

Verder het hy die volgende besonderhede aangeroei:

Die voortgaande herstel van Fort Wonderboom, die hulp wat die GOP met die instelling van historiese wandelpaaie verleen, die uitslae van die skooltuinwedstryd (wat in 1955 begin het) en die werk van beoordelaar, mnr. R.E. Repton, bustoere, bewaring van geboue, die aanbring van gedenkplate op die grafte van Dr. W.H.J. Punt, DVD, en Dr. Hermann M. Rex, sowel as by die nuwe, heropgeboude "Kaya Rosa", die finansiële toestand, padtekens, straatnaamborde, argiefaanwinste en die toekenning van eretoekenings (aan mnr. Rive en Administrateur Cruywagen), sowel as van meriete-sertifikate (aan mnre. Anton Jansen, mnr. Willem J. Punt, prof. Dr. F.J. du Toit Spies, Dr. N.A. Coetzee en mnr. T.E. Andrews).

Aan die slot van sy verslag het die voorsitter o.m. getuig: "Die Genootskap Oud-Pretoria gaan voort met sy belangrike doelstellings, die bewaring van die historiese erfenis van Pretoria en sy omgewing, en vir sy diens as 'Historiese Vereniging'."

Oorgaande na die algemene gedeelte van die Algemene Jaarvergadering is o.m. verklaar dat die Direkteur van Parke van die Stadsraad uitsluitend verantwoordelik is om die begraafplaas, in hierdie geval ook die Ou Begraafplaas, netjies te hou. Sy plig is nie om gebreke grafstene te laat herstel nie. Die vraag is gestel om 'n fonds in die lewe te roep om gebreke grafstene op 'n Rand-vir-Rand-grondslag te herstel.

Die verkiesing van die GOP-bestuur vir 1985/1986 het soos volg verloop: Dr. N.A. Coetzee (voorsitter), mnr. Willem J. Punt (vise-voorsitter), mev. M.L. Willmer (sekretaresse), mev. I. Vermaak (assistent-sekretaresse), mev. H. Smit (tesourier), prof. Dr. C. de Jong (redakteur "Pretoriana"), mev. M. Andrews (toere), mnr. T.E. Andrews ("Nuusbrief"), prof. Dr. H.C. Petrick (grafte), mnre. N. Lemmer, M. van Niekerk en Willem J. Punt (navorsing, erfenisse), mnr. R. Tomlinson (forte) en mev. F. Fourie (funksies).

Die gasspreker was vervolgens Dr. Ben Cronjé, direkteur, NASKO.

53. Notule van die bestuursvergadering van 6.5.1985, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

(L.W. Nie opgespoor nie.)

54. Notule van die bestuursvergadering van 3.6.1985, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Onder die ingekome korrespondensie was o.m. die volgende briewe: Van AVBOB i.v.m. die inskripsie op die naamplaat van wyle Dr. W.H.J. Punt, DVD (27.5.1985) en 'n skrywe i.v.m. jeugherberg by of in Fort Wonderboom (7.5.1985). Onder die uitgaande korrespondensie word die aandag op 'n brief i.v.m. die Wurlitzer-orrel (21.3.1985) en die O'Neill-huis, Laingsnek (7.5.1985) genoem. Vyf nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Mev. Andrews het die toer na Hartebeestpoortdam en die Preller-huis, die graf van Deborah Retief en 'n ou skooltjie as geslaag beskryf. Die volgende toer (15.6.1985) staan in verband met museums. Finansiëel was die GOP, met R1 066,00 in die spaar- en R778,00 in die lopende rekening, gesond.

Wat die beskadigde grafstene op die Ou Begraafplaas (Kerkstraat) betref, is 'n persoon aangestel om herstelwerk te verrig.

I.v.m. straatname het die Tegnikon, op sy eie gebied (die Philip Nelpark) bestaande name verander. Sommige van die nuwe benamings was, aldus die notule, sonder betekenis. Mnr. T.E. Andrews het op herstel van dié ou name aangedring wat 'n verbintenisse met Pretoria het.

Mnr. Tomlinson het meegedeel dat Fort Wonderboom 'n netjiese voorkoms het. Mev. Suzette Jacobs het die sorg oor skooltuine oorgeneem. Volgens mnr. Willem J. Punt is die Instituut van Argitekture besig om 'n register van elke gebou op te stel. Mnr. T.E. Andrews het, vir dié doel, reeds 'n aantal foto's geneem. Die bestuur het sy dank teenoor hom betuig.

I.v.m. naamplaat is verklaar dat die plaat vir ing. G.A.A. Middelberg in 1987 aangebring word. Mnr. Willem J. Punt het meegedeel dat die Tivoli-bioskoop (Andriesstraat), langs die munisipale biblioteek, die oudste was en daarop aangedring dat 'n plaat op die bestaande gebou aangebring word. Ook is hy van mening dat die NZASM-brug as 'n nasionale gedenkwaardigheid verklaar moet word.

'n Funksie en 'n skyfievertoning vind op 26.6.1985 by NASKO plaas.

55. Notule van die bestuursvergadering van 1.7.1985, gehou ten huise van mnr. en mev. T.E. Andrews

Mnr. Willem J. Punt tree as voorsitter op. Drie nuwe lede word voorgestel en aanvaar. Ook danksy mej. Turkstra se aandeel was die museumtoer, aldus mev. Andrews, besonder goed. 'n Stap-toer in die Ou Begraafplaas word vir 17.8.1985 beplan, terwyl Dr. Norwich op 7.9.1985 'n toer deur Johannesburg sal lei. Prof. Dr. C. de Jong beskik, volgens sy mededeling, oor voldoende kopie vir die uitgawe van September/Okttober van "Pretoriana". Die voorsitter vestig die aandag daarop dat aanbeveel is dat die benaming Atterburyweg na Hans Strijdomweg verander word. Hy vra straatname vir die straatnaambank en meer verteenwoordiging deur die GOP op die Stadsraad se straatnamekomitee. Daar is opgemerk dat die eerste bioskoop in Pretoria die "Vaudette" was. Dié gebou, waarvan die ligging ongelukkig nie aangedui is nie, behoort aan die Departement van Openbare Werke. Reëlings m.b.t. Pretoria se Stigtersdag-byeenkoms is by die Kulturele-kompleks (Broederstroom) getref. Mnr. Willem J. Punt sê dankie vir die skyfievertoning by die NASKO-byeenkoms en bedank mnr. Hannes Meiring vir sy bydrae.

56. Notule van die bestuursvergadering van 5.8.1985, gehou ten huise van mnr. en mev. Willem J. Punt, Charlesstraat 479

Onder die ingekome korrespondensie is o.m. die jaarlikse toelae van R250,00 van die Departement van Kultuursake en die toelae (R225,00 en R135,00) van die Stadsraad. Die skenking van R1 000,00 van mnr. J.N. Kirkness is ontvang. Verder was daar briewe i.v.m. die straatname in die Philip Nel-park (13.9.1984, 28.6.1985, 24.7.1985) en van die Stadsraad oor die voormalige tremloods.

Vyf nuwe lede is voorgestel en aanvaar. Die toer na Johannesburg is op 7.9.1985 vasgestel, terwyl die spaar- en tjekrekenings onderskeidelik R2 174,00 en R2 614,00 bedra het.

Mnr. Willem J. Punt deel mee dat die benaming Atterburyweg deur Hans Strijdomweg vervang word en stel 'n skriftelike protes voor en dat daarop aangedring word dat vier lede van die GOP op die straatnamekomitee moet dien. Mnr. Kirkness betaal vir die straatnaamborde Kirkness- en Nivenstraat.

Mnr. Punt kondig aan dat die voormalige Capitol-bioskoop gered word en dat die terugkoop van die Wurlitzer-orrel in die hande van die Burgerlike Komitee is. Daar word voorgestel om 'n blou naamplaat by die NZASM-brug aan te bring.

- 1) Die voorgaande aflewering is gepubliseer:

Aflewering 1 in "Pretoriana" no. 94, November 1988
 Aflewering 2 in "Pretoriana" no. 95, April 1989
 Aflewering 3 in "Pretoriana" no. 96, November 1989
 Aflewering 4 in "Pretoriana" no. 98, April 1991
 Aflewering 5 in "Pretoriana" no. 100, April 1991

(word vervolg)

BRITISH BLOCKHOUSES IN THE PRETORIA AREA 1900-1902

by Richard Tomlinson

When I moved to Port Elizabeth with my wife in March 1989, I promised the Old Pretoria Society that I would briefly record the results of my spare-time investigations into the blockhouses of the Second Anglo-Boer War (1899-1902) in the Pretoria area over a period of nine years. This is the reason for this article.

I started my study of this subject in 1980 when I came across some stone foundations of walls on Struben Kop in Pretoria's eastern suburbs. When I made some enquiries with "learned" people in the town, I found that very little information was available on British fortifications of this period in South Africa, and I then decided that I would have to undertake my own research. In an investigation of this type, one meets many people who freely give help, advice and information of all sorts and on whom one comes to rely; these people who assisted me are acknowledged at the end of this article. I wish therefore to emphasise that this study is by no means a solo effort and is also not complete, and I hope that others will continue where I have left off.

What is a blockhouse?

A "blockhouse" is a small fort or tower which is designed to "block" a feature of the landscape, such as a mountain pass or "poort", a section of mountain ridge or a railway bridge, to deny the passage of enemy troops. The term is used extensively in contemporary documents of the Second Anglo-Boer War, though these structures are sometimes termed "redoubts" or are incorporated into larger forts. It should also be borne in mind that fortifications built during this period, following the fall of Pretoria to British forces and therefore during the guerilla phase of the War, were designed to withstand small arms fire and not artillery, and were consequently fairly simple structures.

The British blockhouses of the Second Anglo-Boer War period are of two basic constructional types:

I. Corrugated iron and timber type. The earliest form of this type was developed in January 1901¹⁾ in the Eastern Transvaal Lowveld and was rectangular in plan; a good example (in fact the sole survivor) is preserved at Barberton.

In February 1901 Major S.R. Rice, Royal Engineers, produced his first octagonal blockhouses,²⁾ consisting of two skins of corrugated iron separated by a wood framework and with the wall cavities filled with shingle or small stones, the whole covered with a square gabled or umbrella-shaped roof.

Before long Major Rice had progressed to his definitive design, comprising two circular concentric skins of corrugated iron, 150 mm apart, separated by wood spacer blocks and with the cavity again filled with shingle, with a roof

similar to the octagonal version.

All corrugated iron blockhouses were provided with a door, protected internally by a screen wall, and with loopholes at intervals fashioned out of flat galvanised sheets. Most were protected around the base by a wall of dry unmortared construction, which is often the only recognisable feature today of the site of a corrugated iron blockhouse.

